

1 Mei

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:16

Die Woord kom van God en onderrig ons in die waarheid

Soms kan ek as gelowige wonder: Wat staan my te doen? Hoe moet ek hierdie saak hanteer? Want my hantering van 'n saak het sekere gevolge. My optrede is óf tot voordeel óf tot nadeel van die saak van die Here. En vir 'n gelowige is *dit* 'n baie ernstige saak. As dienskneg van die Here moet ek immers 'n getuie van die Here wees. My optrede en woorde moet die saak van die Here bevorder en uitbou. Maar ... wat verwag die Here dan van my as sy getuie?

Die apostel Paulus sit in die tronk wanneer hy sy geloofskind Timoteus aanspoor om die Woord te bly verkondig en om mense daarmee te bemoedig. Want die Woord rus jou toe en is God se maatstaf vir gelowiges se leer en lewe.

En die Woord kom van God af. Daar staan letterlik Hy het die Woord "ingeasem" in die harte van die Bybelskrywers. Daarom is en bly die Woord die enigste Waarheid. Daarin maak God sy wil aan ons bekend. Ja ...

- Die Woord maak ons bekwaam om God se wil bekend te maak.
- Die Woord gee aan ons leiding en krag om teen die sonde en die verleiding van dwaalleer te stry.
- Die Woord lei ons om elke keer na die regte leer en lewe terug te keer.
- Die Woord leer ons hoe om as kinders van die Here te lewe.

Toegerus met daardie Woord stuur die Here ons uit as getuies van sy liefde en genade vir sondaarmense. Bekwaam gemaak deur daardie Woord gaan ons uit om ons dienswerk as gelowiges te verrig.

Bring daarom die Woord tydig en ontydig. Só maak God Homself bekend. Verkondig só God se wil oor hoe ons tot eer en verheerliking van sy Naam moet lewe.

Sing: Skrifberyming 43:2, 4

Dr. JH Howell (Heidelberg)